**ROBERT SCHRIRE (red.): LEADERSHIP IN THE APARTHEID STATE. FROM MALAN TO DE KLERK. Oxford University Press, Kaapstad, 1994.**

Hierdie werk is gebaseer op die Amerikaanse model waardeur studies van die ontwikkeling van die amp van president gedoen word. Dit het veral ten doel om die leierskapstyle en die uitwerking wat dit op die rol van die regeringshoof se verskillende gesag-verhoudinge het, te belig. Daarom word aan sy konstitusionele posisie, sy uitvoerende rol, sy partypolitieke rol en sy verhouding tot die burgers, die sakesektor en buitelandse verhoudinge aandag gegee. Die slotsom waartoe gekom word, is dat daar in Suid-Afrika 'n tradisie van 'n sterk gesentraliseerde staat tot stand gekom het wat heelwat mag aan die regeringshoof gegee het. Die blankes se huidige aandag op beperkte mag is dus strydig met hierdie tradisie terwyl die ANC se aandrang op 'n sterk unitêre staat juis binne hierdie tradisie val.